NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
blitspos
Jaargang 16 – Uitgawe 13
27 April 2023

# Die seun, die vader en die put

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

**Eendag was daar 'n man wat 'n besigheid bedryf het. Hy het erge verliese begin ly en het nodig gehad om sy eiendomme en selfs sy motors te verkoop, om die besigheid te probeer behou.**

Toe sy seun bewus raak van die situasie, het hy vir sy pa gevra: *Hoekom bedryf Pa steeds die besigheid, as dit sóveel verliese toon? Hoekom maak Pa nie die besigheid toe nie?*

Die pa het geglimlag en geantwoord: *My seun, die lewe bring vir ons hope uitdagings en almal probeer ons onderdruk, maar ons moet bly hoop dat ons alle uitdagings sal oorkom.*

Seun: *Hoe kan **hoop** ons help?*

Pa: *Goed, kom ek wys jou!*

Die pa het sy seun na 'n diep put geneem en gesê: *Spring!*

Diep geskok het die seun gesê: *Pa, ek kan nie swem nie, so ek kan ook nie spring nie.*

Maar die pa het die seun in die put ingestoot en gaan wegkruip. Die seun het vir omtrent vyf minute gespook en gespartel om bo die water te dryf. Net toe hy voel nou gaan hy verdrink, het die pa opgespring en die seun uit die put getrek.

Die volgende dag het die pa weer die seun na die put geneem en gesê hy moet spring. Die seun het eers gehuiwer, en toe in die put gespring. Die pa het weer gaan wegkruip.

Wéér het die seun probeer dryf en probeer om bó die water bly. Die tyd het verbygegaan en na 15 minute was hy steeds veilig bo die water. Die pa het weer gekom en die seun uit die water getrek.

Die pa vra toe vir die seun: *Hoekom het jy vandag soveel harder probeer as gister?*

Die seun het geantwoord: *Gister het ek nie geweet wat om te doen toe Pa my ingestamp het nie. My angs het my amper laat verdrink. Vandag het ek geweet Pa sal my kom help, sodra dit lyk of ek gaan verdrink.*

Wat leer ons hieruit?

Die lewe bring vir ons hope uitdagings. Wanneer ons onsself dwing om steeds te hoop dat ons alle probleme sal oorkom, en as ons ook die mense om ons vertrou, sal ons die uitdagings kan oorkom!

**Bukiwe Nobendle**
**Maatskaplike Werker: Rata, Secunda**
(Afrikaanse vertaling: Elmien Botha)

# Lief en leed



Ds Herman Jansen van Rensburg

- Emerituspredikant **ds Herman (HJ) Jansen van Rensburg** (75) is Maandag 24 April oorlede. Die teraardebestelling vind plaas op Vrydag 28 April om 10:00 by die Honingnestkrans-begraafplaas, en die diens om 11:30 in Gemeente Witfontein. Ds JT (Jimmy) Manders sal die diens lei. Predikante wat die diens gaan bywoon, word vriendelik versoek om hul togas te dra. Ons innige simpatie gaan aan mev Jakkie Jansen van Rensburg en hul familie.




- Dr Wouter en Susan van Wyk se kleinseun, **Leo David Klein**, is Donderdagmiddag 20 April om 14:00 gebore; hy het 3,2 kg geweeg. Baie geluk aan die ouers, **Laetitia en Peter Klein,** met hul eersteling, en die trotse ouma en oupa met hul vyfde kleinkind!



Mev Marietjie Smith

- Die Sinodale Dienssentrum het Dinsdag 25 April afskeid geneem van **mev Marietjie Smith** (65), salarisbeampte, wat aan die einde van April vanjaar na 40 jaar diens aftree. Ons gun haar die welverdiende rus, en die nuwe avontuur wat sy en haar man, Johnnie, nou aanpak. Marietjie en Johnnie het twee kinders – 'n seun, Desmond, en 'n dogter, Charlene – en 'n kleinseun, Eljay.



Ds André Thomas

- **Ds André Thomas** van Oos-Moot is op 3 Mei 1998 as predikant georden en vier dus op Woensdag 3 Mei 2023 sy **25ste ampsjubileum**. Lidmate en ander belangstellendes word uitgenooi om **Sondag 30 April 2023** hierdie geleentheid tydens en na die oggenderediens saam met die Thomas-gesin te kom vier.



Ds Pierre Roets

- **Ds PJ (Pierre) Roets** se **25-jaar-ampsjubileum** vind plaas op **Sondag 14 Mei** om 09:00 by Gemeente Springs-Oos, Ermeloweg 61 / Jurgenslaan 16, Strubenvale.



Ds Naas Lombard

- **Ds IM (Naas) Lombard** (64) van Suidoos-Witbank aanvaar in Junie 2023 vervroegde emeritaat. Sy **afskeidspreek** vind plaas op **Sondag 4 Junie om 11:00** in die gemeente, met 'n ete in die saal van Laerskool Klipfontein na die erediens. RSVP asseblief **voor of op 29 Mei** by Annelien (082 512 9849) of die gemeentekantoor (082 546 8221 / 087 148 9438).



Mnr Johan Marx

- **Mnr Johan Marx,** ds J (Joleen) Marx (beroepafwagtend) se man, is pas aangestel as hoërskoolhoof van die Curro Heuwelkruin Onafhanklike Skool, met ingang van Julie 2023. Hy is 'n ervare hoërskoolonderwyser in IT en Wiskunde, en reeds sedert 2013 deel van Curro Heuwelkruin. Hy het die afgelope jaar en 'n half gedien as hoof van die Curro Heuwelkruin Privaatkollege. Baie geluk!



Prof Johann Beukes

- Die Raad van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns het pas die gesogte Akademiebekronings vir 2023 aangekondig. Die pryse sal by twee bekroningsplegtighede in September vanjaar oorhandig word. Een daarvan, die **Jacques van der Elstprys**, word jaarliks toegeken vir die beste artikel wat in 'n bepaalde jaar in die *Tydskrif Vir Geesteswetenskappe* verskyn het. Die redaksie het aanbeveel dat die prys vanjaar toegeken word aan **prof Johann Beukes**, voormalige predikant van die NHKA, vir die volgende twee artikels: Hendrik van Harclay (ca 1270-1317) se kritiese Skotisme, afgelei uit sy *Quaestiones Ordinaire* (1312-1317), *Tydskrif vir Geesteswetenskappe,* Maart 2021, 61(1): 259-281; en Sintuigmetaforiek in die Summa Aurea (ca1220) van Willem van Auxerre (ca 1140-1231), *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, September 2021, 61(3): 633-654. Baie geluk, prof Beukes!

- **Die volgende predikante verjaar tot 5 Mei, en word hartlik geluk gewens:**


    - Donderdag 27 April: Dr KD (Kálmán) Papp (71) (emeritus)
    - Vrydag 28 April: Ds P (Pieter) Rossouw (37) (Mafeking/Zeerust)
    - Maandag 1 Mei: Ds NM (Nick) Alberts (59) (beroepafwagtend)
    - Dinsdag 2 Mei: Ds HJ (Henk) Labuschagne (33) (Silverton)

- Donderdag 4 Mei: Ds PJ (Pierre) Roets (51) (Springs-Oos)
- Vrydag 5 Mei: Drr JP (Johan) Bester (60) (Randfontein Midpark), H (Hein) Delport (45) (Swartkop) en EB (Ernest) Marran (62) (Losberg)


Prop Wilma Lötter-Matthee

## Gemeentes en bediening

- Enige saak wat volgens die Kerkorde onder die aandag van die **Moderamen** gebring moet word, moet mev Karen Breedt (**karen@nhk.co.za**) asseblief **teen 1 Mei** bereik vir 12 Mei se Moderamenvergadering. **Geen laat sake** sal in die agenda opgeneem word nie.


Ds Fanie en Lizé Willers

- **Prop W (Wilma) Lötter-Matthee** (beroepafwagtend) het die beroep na Richardsbaai (deeltyds) aanvaar. Sy word op 30 April 2023 daar bevestig.

- **Ds SH (Fanie) Willers** (beroepafwagtend) en sy gesin emigreer in Augustus/September 2023 na Luxembourg waar mev Lizé Willers 'n pos in die finansiële sektor aanvaar het. Ingevolge Besluit 36 van die 73ste AKV behou ds Willers na sy vertrek nog vir 12 maande ampsvoorreg.

- **Ds ME (Mariaan) Beukes** van Meyerton/Sonlandpark het op 28 Maart 2023 siekte-emeritaat aanvaar.



Ds Mariaan Beukes

- **Ds L (Louizé) de Beer** van Ottosdal sal vir drie maande, van 14 April 2023 tot 13 Julie 2023, met herstelverlof wees, waarna sy weer haar volle ampspligte in die gemeente sal hervat.

- Twee nuwe personeellede het pas by die **Sinodale Dienssentrum se Afdeling Finansies** diens aanvaar. **Mej Hannelie van Rensburg,** krediteureklerk (**krediteure@nhk.co.za**), sal voortaan verantwoordelik wees vir die ontvangs en hantering van alle betalings wat deur die Sinodale Dienssentrum behartig word. Stuur asseblief alle volledig voltooide rekwisisies vir betalings een dag voor die tyd na haar e-posadres. Alle beleggingsonttrekkings van R50 000 of meer benodig twee handtekenings, waarvan een die predikant s'n moet wees. **Mev Nikki van Deventer** is die nuwe salarisbeampte (**salaris@nhk.co.za**) ná die aftrede van mev Marietjie Smith. Sy is verantwoordelik vir die voorbereiding en uitbetaling van alle salarisse. Mev Van Deventer gaan ook help met die vestiging van die salarisburo waardeur ons voortaan 'n volle salarisburofunksie vir gemeentes beskikbaar sal stel. Meer hieroor later.


Mej Hannelie van Rensburg

- **Gemeente Losberg** is in Mei 1925 gestig. Oor twee jaar is die gemeente 100 jaar oud. Al die predikante wat nog met ons is, asook gemeentelede wat sedert 1925 by die gemeente betrokke was, word vriendelik versoek om enige inligting, foto's, staaltjies en gebeure waaroor hulle beskik, te stuur aan Frikkie Boshoff per e-pos (**frikkiesan@gmail.com**). Baie dankie by voorbaat!


Mev Nikki van Deventer

- **Gemeente Naboomspruit: Vakante pos vir voltydse orrelis.** Belangstellendes kan hul CV stuur na **nedhervkerknbs@gmail.com** of Marlene kontak by 014 743 1325 tydens kantoorure (08:00-13:00). Die voordele sal met die kandidate bespreek word. Die kerkgebou is op die hoek van Vyfdelaan en Nelson Mandelarylaan in Naboomspruit.

- **WERKRUIMTE VIR VOLTYDSE BEDIENING: GEMEENTE LICHTENBURG**

  Aansoeke word ingewag van gelegitimeerde predikante van die NHKA om hierdie bedieningsruimte te vul.

  **Gemeente:** Die gemeente is 131 jaar oud en het tans 594 belydende lidmate en 189 dooplidmate. Die gemeente beskik oor 'n kerkgebou, 'n gemeentesentrum, 'n aftreeoord en 'n ruim, gerieflike pastorie.

  **Leraarsprofiel:** Die leraar moet lief wees vir die Here en sy kudde. Die Hervormde identiteit en etos is vir die gemeente belangrik.

**Aansoeke sluit op 30 April 2023.** Aansoeke kan gestuur word na **henkdutoit50@gmail.com**. Enige navrae kan aan dieselfde adres gerig word. Die kerkraad is nie verplig om een van die aansoekers te beroep nie en behou die reg voor om die lys van kandidate na die sluitingsdatum te verklein of te vergroot, en mag self ander kandidate nader.

- **Die SPE-museum en Gemeente Wonderboompoort** (waar die Museum in 'n 1905-kerkie geleë is) benodig **finansiële ondersteuning** vir die Kerkmuseum se restourasie. 'n Skenking aan hierdie liefdadigheidsprojek is belastingaftrekbaar. Kontak ds Carel Johann de Bruin by **careljohann@gmail.com** of 082 733 3951 indien u kan help, of gebruik hierdie bankbesonderhede:

  NHK Wonderboompoort
  Absa
  Tjekrekening 630580048
  Verwysing: Verf Museum
  Kennisgewing aan: **careljohann@gmail.com**

- Dr Carel Johann de Bruin is ook op soek na die **kanselkleed van Gemeente Dordrecht** (wat in 1939 gestig is en in 2018 ontbind het), asook enige inligting oor en foto's van die kerkgebou, kansel, ensovoorts. Kontak hom by **careljohann@gmail.com.**


## Vergaderings

- Vrydag 5 Mei: Oudit- en Risikokomitee

## Kerklike publikasies




- In die **2023 Herfs-uitgawe van *Vroueflitse*** word die kollig opnuut geskyn op artikels gefokus op geestesgesondheid en ouerskapbetrokkenheid. **Mev Wilna Koekemoer,** sekretaris NHSV Hoofbestuur, vertel in ***Laat sy lig deur jou skyn!*** hoe ons self 'n lig uitstraal wanneer ons tyd deurbring met ons Ewige Ligbron, Jesus; God se krag is nooit onbereikbaar nie; dit is altyd beskikbaar vir elkeen van ons. Hierdie artikel sluit aan by ons NHSV Kongres se tema vir 2023. **Mev Sanet van Wyk,** tesourier NHSV Hoofbestuur, deel in ***Selfbesering*** die volgende woorde met ons: ***Ek sny myself nie omdat ek wil doodgaan nie, maar omdat ek wil lewe.*** Hierdie uitroep om hulp en begrip by tieners moet met groot omsigtigheid hanteer word deur ouers om hul kind te begelei op die pad van genesing, 'n pad wat niemand alleen behoort te stap nie. Volg die skakel **https://nhsv.org.za/publikasies/**.




- Die NHKA se ***Almanak 2023*** is uitverkoop. Daar is egter nog verskeie eksemplare van *Almanak 2022* beskikbaar, nou teen **R90 elk (versending uitgesluit)**. Hoewel van die besonderhede natuurlik verander het, is die *Almanak*-inligting nog grootliks bruikbaar. Die tekste in die ***Bybelse Dagboek*** is steeds opbouend en kan vir lesers inspirasie en hoop bring, al het die datums en kerklike feesdae intussen aangeskuif. Bestel by mev Sarie Roux, by **boekwinkel@nhk.co.za.**

## Toerusting

- Lees ***hier*** **prof Natie van Wyk** se mening oor leuens as die ondeug van ons tyd. Hy skryf onder meer: *Aanhoudend, om elke hoek en draai, word daar vir ons gelieg. Die heersende maghebbers blyk die ergste leuenaars te wees, en dit lyk of dit hulle geensins pla nie. Die teleurstellende is dat talle ander mense, ook dié naby ons, dikwels ook nie die waarheid praat nie.*

- **Mentorskap-opleiding: 22 en 23 Mei van 09:00 tot 16:00 aanlyn.** Die toerustingsgeleentheid is gratis en VBO-punte sal toegeken word. Dit is vir die Kerk belangrik om te belê in die opleiding, groei, ondersteuning en begeleiding van predikante. Alle belangstellendes is welkom. Kontak ds Lisa-Mari Prinsloo by **lisamari.swanepoel@gmail.com** om jou plek te bespreek.




## Studentesake

- **Studentebehuising. Gemeente Stellenbosch** kan veilige behuising op die kerkterrein en op die kampus aan studente verskaf. Dit bestaan uit óf enkelkamers met gedeelde fasiliteite, óf eenmenswoonstelle. Skakel dr Chris le Roux by 079 495 3239 of stuur 'n e-pos na **stellenbosch@nhk.co.za** vir meer inligting.

- **Studentebehuising. Gemeente Philadelphia** verskaf aan studente veilige behuising by Fleur de Lis op die kerkterrein. Dit bestaan uit enkelkamers met gedeelde fasiliteite. Die behuising is binne stapafstand van die kampus en winkelsentrums. Skakel dr Sanrie de Beer by 083 226 1866 of stuur 'n e-pos na **nhkphiladelphia@gmail.com** vir meer inligting.

## 'n Gedig

**Versuim**

Die herfs lê hierdie Sondagmiddag
in brosjures van 'n gefnuikte reis.

Ek het jou toe nooit
die strandjie van my jeug
met treilerliggies
teen die Potberg saans kom wys;

ook nie die mishoringmiddae
van ons hawestad teen elke middeljaar
met agter wasemglas koffieknus
die warmer inkeer tot mekaar.

Die saam beleef van atoleinders
om jou eiland in 'n spesery-argipel
het ek onbegryplik, waagsku
tot die kataklisme uitgestel.

Soos mense hulle vrugteloos verwyt
oor die skrikwekkende van woorde
in 'n onbesonnenheid.

Of kan triktrak speel met liefdestyd.

**Chris Lombard**
(Uit: *Versindaba 2006*,
saamgestel deur Marlise Joubert)

## Barmhartigheid

- Weens die Gautengse Provinsiale Regering se besluit om **subsidies wat vir onder andere kinderbeskerming** bestem was, nou vir ander dienste aan te wend, het Rata dringend finansiële bystand nodig. Gemeentes, lidmate en besighede wat graag 'n bydrae wil maak sodat Rata minstens die personeel se salarisse kan betaal, kan **van die volgende bankbesonderhede gebruik maak:**

  Rekeningnaam: Rata Maatskaplike Dienste NPC
  Bank: ABSA
  Rekeningnommer: 020 600 209
  Takkode: 632 005
  Verwysing: Naam (gemeente, instansie, ens) + krisis

  Ons het groot waardering vir die wyse waarop gemeentes, lidmate en besighede Rata vir baie jare ondersteun het. Ons weet dat in tye van nood ons weer op almal kan staatmaak om ook hierdie krisis die hoof te bied.

- **Tooi Turkoois vir Bejaardes**
  **15 Mei – 15 Junie**
  **www.goturquoise.co.za**
  **Viering by Voortrekkermonument**
  **Woensdag 31 Mei 2023**
  08:15 vir 09:00-13:00 op die Amfidak
  Toegang: R75 (gratis toegang tot terrein)
  Volkspele, Boeremusiek, ligte verversings, kontantsnoepie
  Besoek aan Monument ingesluit
  Navrae: 072 349 8395 / **admin@helpseniors.org.za**

- **Belfast Rusoord** bied onder meer 24-uur mediese versorging, CCTV, 24-uur-toegangsbeheer, drie gebalanseerde maaltye per dag, en aktiwiteite vir elkeen. Daar is fasiliteite vir semiversorging, verswakte bejaardes, en woonstelle vir selfversorging. Kontak Riana de Villiers by 013 253 31211 / 063 663 7449 / **manager@belfastrusoord.co.za** vir meer inligting en tariewe.

- **Athalia Uitreik in Bloemfontein** bied verblyf vir en versorging van bejaardes en persone met gestremdhede. Daar is enkel- en deelkamergeriewe in 'n huislike atmosfeer, verblyf met drie etes ingesluit, verblyf sonder versorging, en 24-uur-versorging. Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089 / **navrae@athalia.co.za** / **www.athalia.co.za**.

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met twee etes per dag teen R3 850 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord** is die eiendom van die NHKA se **Gemeente Pretoria** en spesialiseer in lewensregverkope en verhuring aan selfversorgende persone ouer as 55 jaar. Die oord is geleë in die veilige omgewing van Rietondale in Pretoria. Seniordal beskik oor 24-uur-veiligheidsdienste en toegangsbeheer, en bestaan uit enkel-, eenslaapkamer-, 1½-slaapkamer- en tweeslaapkamerwoonstelle. Kontak Salomie Stolz by 012 329 4318 / 083 308 0520 vir meer inligting en pryse.

## Fondsinsamelings

- Daar is ’n **geleentheid vir ’n gemeente of individu** om by die nuwe **Centurion Boeremark op Saterdae** pannekoek en/of *jaffles* te verkoop. ’n Stalletjie kos R250 per Saterdag. Deposito R250 eenmalig en sertifikaat van Tshwane vir kosverkope eenmalig R920. Kontak Christo Potgieter by **072 737 3644**.

- **Gemeente Potchefstroom: Maandag 1 Mei**
  **Noordwes Motorskou, Basaar en Antieke Meubelveiling**
  Groot verskeidenheid ou motors
  Toegang: Volwassenes R40, skoolgaande kinders R10, voorskools gratis
  Kunstenaars: Alan Ladd, Reinhard Venter en Jeanine Volschenk
  Groot verskeidenheid kosprodukte te koop
  Veiling van antieke meubels in die saal
  Kom kuier saam van 09:00 tot 13:00 op die Kerkplein
  Kontak die gemeentekantoor by 018 293 2672 vir meer inligting

- **Gemeente Oos-Moot**
  **Sangaand Vrydag 5 Mei om 19:00**
  R150 per persoon
  Met Jannie du Toit en Helena Ceronio
  Collinslaan 1265, Môregloed
  Kaartjies te koop by die kerk, of kontak 083 384 3263

- **Gemeente Randburg bied aan: Nataniël**
  **Woensdag 24 Mei om 19:30**
  Hoërskool Randburg
  Kaartjies R250 per persoon
  Bespreek by Quicket

- **Oornagfasiliteite: Seniordal.** Seniordal beskik oor oornagfasiliteite vir persone wat vergaderings of kongresse moet bywoon, of wat dokters moet besoek, of verblyf benodig vir familie van persone wat in die hospitaal is. Daar is veilige parkering en 24-uur-sekuriteit. **Vir navrae oor tariewe en vir besprekings**, kontak Salomie Stolz gedurende kantoorure 08:00-12:00 by 012 329 4318, of na ure by 083 308 0520.

## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

**Advertensies waarvan ’n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin ’n gemeente ’n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrief geplaas word.** *(Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.)* Indien ’n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of ’n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Maandag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg die Woensdagoggend afgehandel en teen die middag op die webblad gelaai. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

**Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om ’n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

## Gebed vir die week

Heer van die ganse skepping,
maak ons oë en ons harte ontvanklik
vir die wonder en die skoonheid van u handewerk;
die wisselende kleure van elke seisoen,
die oeroue bosvelde en die brose blomme,
die bergriviere en die dieptes van die oseane,
alles wat groei en leef
en verseker dat ons wêreld vernuwe
en in stand gehou word.

Leer ons hoe om vir u skepping te sorg,
sodat almal genesing en vrede daarin kan vind,
vandag en in die toekoms.
Amen.

**www.churchinwales.org.uk**

(Afrikaanse verwerking: Tessa Oppermann)




| | |
|---|---|
| Redakteur: | Dr Johan van Staden |
| Subredakteurs: | Ds Etienne Fourie en dr Annelie Botha |
| Koördineerder: | Mev Tessa Oppermann |
| Uitlegkunstenaar: | Mnr Hugo van Niekerk |